Ek is...

Poortbode

02 Augustus 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam,
die volheid van Hom,
wat alles
in almal vervul."

Teks: Hand. 12: 6 - 17

Tema: Die Heilige Gees en gebed.

Prediker: Ds. Johan de Wet

1. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elke lidmaat wat vanaf 2 - 8 Augustus verjaar. Mag jy beleef hoe spesiaal en kosbaar jy vir God is.

2. GEBEDSVERSOEKE:

Ons bid vir elkeen wat siek, eensaam, moedeloos of bekommerd is. Mag die Here elkeen self vertroos en versterk.

3. PASTORALE BESOEKE:

Indien jy besoek van een van ons predikante verlang, is jy baie welkom om hulle op hul selfone vir 'n afspraak te skakel.

4. EREDIENS 9 Augustus 2020:

Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na. *Môre se 9:00-erediens sal sodra dit geredigeer is, per whatsapp uitgestuur word.*

5. NUWE LIDMATE:

Nuwe lidmate is welkom om die lidmaatskapvorm op ons webwerf:

www.hartiesng.org

af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by:

kantoor@harties ng.org

of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

6. FOTO'S VAN ELKE LIDMAAT:

Om ons lidmaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto gerus na: **komm@hartiesng.org** stuur, asseblief. Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

Dankie aan elkeen wat reeds verlede week op dié versoek reageer het.

7. FINANSIËLE STATE:

Die gemeente se finansiële state kan op 3, 5 en 7 Augustus op afspraak met Elize (e-pos:kassier@hartiesng.org of 082 876 5340) tussen 9:00—12:00 by die kerkkantoor besigtig word.

8. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: **Danville.**

9. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie:
Harties NG Kerk en
Harties NG Jeug

10. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

11. HEILSMUUR: Op pad saam met Job: Vertroue bring vrede.

Job was radeloos, rampe tref hom - en nou ook sy gesondheid.(Waarom?) Job was gefrustreerd omrede hy nie sin kon maak uit sy beproewings nie. Job verklaar egter in Job 13:15: "Al sal God my doodmaak, ek kan nie wag nie, ek moet my saak vir Hom stel." In Job 19:25-27 aanvaar Job dat God hierdie dinge vir ’n rede oor hom laat kom het. (Job 14:14) Job verstaan ook dat daar ń lewe na die dood is. " As ń mens sterf, sal hy weer lewe? Dan sou ek al die dae van my swaarkry kon wag, tot daar vir my nuwe lewe kom." Om God te volg as dinge goed gaan is maklik, maar loop dinge skeef, dan kom die twyfel. Satan kon nie verstaan dat Job bly volhard ten spyte van wat als wat met hom gebeur het nie. Job het God liefgehad en Hom in alle omstandighede gedien en op Hom vertrou. Vertroue en volharding bring verligting. Here, U woord is standvastig, U beloftes is rotsvas - al wankel die berge ook. AMEN.

12. BYBELGENOOTSKAP:

Augustusmaand is Bybelverspreidingsmaand. Vanweë Covid is al hulle nuus aanlyn. U kan die vogende skakel in Google gebruik om die “Oorsig” te lees: http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/01025105-c0d9-4706-9f4d-20e9d880da50.pdf